Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Innerlikheid, gewortel en gegrondves

Skriflesing: Efesiers 3:14-19

Broodjies vir die pad

"One of the few blessings of living in an age of anxiety is that we are forced to become aware of ourselves."
— Rollo May, Man's Search for Himself

"Finding the center of strength within ourselves is in the long run the best contribution we can make to our fellow men. ... One person with indigenous inner strength exercises a great calming effect on panic among people around him. This is what our society needs — not new ideas and inventions; important as these are, and not geniuses and supermen, but persons who can "be", that is, persons who have a center of strength within themselves."
— Rollo May, Man's Search for Himself

"Often people request prayers for deliverance, inner healing, or physical healing. But more frequently they simply want a man or woman to whom they can turn--not because of what this person is able to do but because of what he or she is: a person who makes them feel wanted, a friend to love them, one who generates an atmosphere of warmth and trust in which they are able to love in return."
— Brennan Manning, Souvenirs of Solitude: Finding Rest in Abba's Embrace

"The deeper our faith, the more doubt we must endure; the deeper our hope, the more prone we are to despair; the deeper our love, the more pain its loss will bring: these are a few of the paradoxes we must hold as human beings. If we refuse to hold them in the hopes of living without doubt, despair, and pain, we also find ourselves living without faith, hope, and love."
— Parker J. Palmer

begrafnis-19

by my begrafnis
was daar tien mense
met maskers en botteltjies
hand sanitiser
hulle het rondom my kis
gestaan en amazing grace
gesing
die pastoor het gebid
en toe is ons begraafplaas toe
waar dit paddas gereën het
toe die kis sak
het niemand gehuil
of gemaak asof hy wil inspring nie

ten minste was ek nie alleen
soos in die hospitaal nie

Neo Mehlomakulu

"Love goes very far beyond the physical person of the beloved. It finds its deepest meaning in his spiritual being, his inner self. Whether or not he is actually present, whether or not he is still alive at all, ceases somehow to be of importance."
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"It would be wholly impossible for me to say whether this cloudy, silently disturbed, unraveled sky is mirrored in my soul or the reverse, whether or not I read the image of my own inner life in this sky. Sometimes everything is so completely uncertain! There are days when I am convinced that no man on earth can recognize certain moods of air and cloud, certain tones of color, certain fragrances and movements of moisture as finely, as exactly, and as truly as I can, with my old, nervous sense of poet and wanderer. And then again, as today, it can be doubtful to me whether I have seen, heard, and smelled anything after all, whether everything that I took to be true is not merely an image cast outward, the image of my inner life."
— Hermann Hesse, Wandering

"For this is the journey that men make: to find themselves. If they fail in this, it doesn't matter much what else they find. Money, position, fame, many loves, revenge are all of little consequence, and when the tickets are collected at the end of the ride they are tossed into the bin marked FAILURE. But if a man happens to find himself—if he knows what he can be depended upon to do, the limits of his courage, the positions from which he will no longer retreat, the degree to which he can surrender his inner life to some woman, the secret reservoirs of his determination, the extent of his dedication, the depth of his feeling for beauty, his honest and unpostured goals—then he has found a mansion which he can inhabit with dignity all the days of his life."
— James A. Michener, The Fires of Spring

"The "whole good" cannot be had, it would seem, without mustering all the strength of our inner life. Even in the sphere of external possessions there are goods which inherently demand, if they are to be truly ours, far more of us than mere acquisition. "'My garden,' the rich man said; his gardener smiled."
— Josef Pieper, Happiness and Contemplation

"Shadowy material resides inside each one of us, but the man who is willing to face his own capacity for darkness will discover his deepest inner goodness and the presence of the divine within him. Some men never discover the divine presence within because they can't bring themselves to face their demons. Don't try to engineer this process or manufacture any angels. It will be done to you; just do not hate or fear the falling."
— Richard Rohr, On the Threshold of Transformation: Daily Meditations for Men

Die virus trek soos 'n brand deur my lyf

Dana Snyman

Vrydagoggend staan ek op met 'n hoesie en 'n ligte hoofpyn. Die hoesie voel droërig, maar ek weet nie of dit droog genoeg is nie. 'n Maand of twee gelede het ek 'n hoesie gehad wat ek gedink is onrusbarend droog, maar niks het daarná gebeur nie. Het nie siek geword nie.

Maar deur die dag word die hoesie al hoe meer krapperig en die kopseer erger. My hele lyf begin pyn, skouers, rug, bene. 'n Groot moegheid kom oor my en ek voel kortasem. Ek wil net lê.

Vir die soveelste keer in die laaste jaar en 'n half google ek "Covid simptome" en terwyl ek die simptome lees, wonder ek hoekom google ek dit elke keer, ek ken dit reeds uit my kop: koors, moegheid, seer spiere . . . Hierdie keer antwoord my lyf ja op elke aantyging.

Hier is dit nou. Covid-19. Tog, vreemd, is my eerste gedagte: dankie, nou hoef ek nie meer te wonder of ek die virus het en of ek dit nog gaan kry nie. Uiteindelik sekerheid oor iets belangrik in hierdie onseker tyd. Maar dit bring 'n dieper onsekerheid: Hein Swart lê in 'n waaksaal in die Kaap, gekoppel aan 'n suurstofmasjien.

My vriend.

Jimmy Taljaard het ons laas week begrawe: sy mense op Welkom, ek voor my rekenaarskerm op Yzerfontein.

Ben Kruger dood op die derde dag.

"I can't breathe," kom meld daardie sin hom by my aan. Miskien van te veel CNN kyk. Die virus se knie op my nek. Kalm nou, kalm. Breathe. Bel vir Erna.

Bel vir Hannes, sê Erna en hoes en hoes. Hannes Stander, ons dokter. Hy gee raad en skryf medisyne voor en die apteek kom lewer dit af saam met 'n oksimeter om die suurstof in jou bloed te meet: vitamiene, antibiotika, kortisoon.

Susan laat weet: Stoom met Vicks. Oorlede Ma het haar vir die geringste kuggie met Vicks gestoom. Ruik ek Vicks dink ek aan Ma, haar kop onder 'n handdoek oor 'n skottel kookwater in die kombuis.

Willie bring Ivermektien en een dag word die volgende dag, maar dit bly voel soos 'n Maandagoggend. Lin kom sit 'n bakkie sop voor my deur neer, maar ek kan die sop nie proe nie. Pieter le Roux bring nartjies en 'n koerant, en ek buig en knak 'n stukkie nartjieskil tussen my vingers, maar kan nie die sproeireën ruik nie. Lê vir ure op die bed of in 'n warm bad en wag vir my lyf om vir my goeie nuus te stuur en my lus te maak vir Marmite en toast. Gaan skakel die TV aan. Mense hardloop deur 'n winkelsentrum in Durban en gryp oral goed van rakke af nes die virus deur my lyf hardloop en plunder en vure aansteek. Nou bewe ek, netnou sweet ek. Buite reën dit en dit is koud.

Donderdagoggend skuifel ek kombuis toe, verby die kas waarop die botteltjies en houertjies met die pille staan. Skakel die ketel aan. Kry die Vicks. Eers stoom.

Ek vou die handdoek oor my kop. En toe ek my longe vol stoom trek, ruik ek haar, ruik ek vir Ma, en weet van nou af sal dit begin beter gaan.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-virus-trek-soos-n-brand-deur-my-lyf-20210719-3

Brood vir die pad

By dié robot kan ons leer om 'n méns te wees

RRV

'Do you believe in the human heart?" vra Josie se pa in 'n stadium vir Klara in die Nobelpryswenner Kazuo Ishiguro se roman Klara and the Sun (2021). Sy vraag verwys nie na die hart as 'n menslike orgaan nie, maar in die meer figuurlike sin na dit wat elkeen van ons as mens spesiaal en uniek maak.

Wat die vraag nog meer gewig gee is dat Klara nie 'n mens is nie, en ook nie 'n hart het nie. Sy is 'n *AF*, 'n artificial friend; 'n gesofistikeerde en oplettende robot wat met sonenergie werk en as geselskap en hulp vir kinders dien. In die toekomswêreld waarin die roman afspeel, word Klara 'n vriend vir Josie, een van die kinders wat geneties gemanipuleer is om meer intelligent te wees. Maar dit lyk of iets skeefgeloop het, en daarom verswak haar gesondheid.

Sonder om in die detail van die verhaal in te gaan kan wel genoem word dat dit opval hoe Klara 'n merkwaardige kapasiteit het vir sorg, empatie en opoffering. Daar is dus niks kunsmatig aan haar vriendskap nie, en haar denke en dade staan in die teken van liefde en goedheid. Ons kan selfs praat van haar godsdienssin (soos blyk uit haar gesprekke met "die Son" oor Josie se siekte). Klara, sou ons kon sê, het beslis 'n "hart".

Deur die uitbeelding van Klara as eintlik meer menslik as die mense konfronteer Ishiguro se roman ons tydig met die vraag wat dit beteken om waarlik méns te wees.

In 'n onlangse gesprek oor Klara and the Sun maak iemand die terloopse opmerking dat human nie net 'n selfstandige naamwoord is nie, maar ook 'n byvoeglike naamwoord. Ons praat byvoorbeeld van the human heart. Dalk kan ons in die lig hiervan sê dat die roman ons wil laat nadink oor wat dit beteken om 'n human human te wees – 'n ménslike mens, 'n mens met 'n hart.

Die menslike hart is sekerlik kompleks en geheimenisvol. Klara praat daarvan as 'n huis met baie kamers. In hierdie dae is ons maar alte bewus hoe ons hart boosheid en bitterheid kan vertroetel. Hoe ons hart kan verhard. Maar ons weet ook van harte wat oop is vir omgee wat tot hulp lei; harte wat met meegevoel kan treur oor tragedie, onreg en onmenslikheid.

Een resensent skryf in hierdie trant dat Klara ons kan herinner aan daardie ander bekende *AF*, naamlik Tin Man in The Wizard of Oz, en sy opmerking: "Now I know I've got a heart, because it is breaking."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-by-die-robot-kan-ons-leer-om-n-mens-te-wees-20210717

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877